

GIL IN DIE NAG



SANDBERGH BEYERS

GIL IN DIE NAG

DEUR

SANDBERGH BEYERS



Uitgegee deur: BOKBOEKE

Posbus 597

JOHANNESBURG

Hoofstuk Een

MANNE VAN VREDE

Net toe die son ondergaan, kom hy by hulle uit. Hy is geboë en hy lyk aaklig van lyding. Sy hande wat eens slank en dun was, is nou weersinwekkend omdat die naels uit die vingers geruk is. Sy sentitiewe ou gesig dra die bloedige hale waar die warm brandysters dit aangeraak het.

Maar Bala Aslaam, hoofman van die dorpie Doeaka is nog nie gebreek nie. Hy trek sy verweerde ou liggaam bietjie regop toe hy Fort Valeau die eerste keer sien. Hy probeer die hulp weier van soldate van die Vreemde Legioen wat aangehardloop kom om hom te help. Twee van hulle tel egter die stomme ou Arabier op asof hy bloot 'n kind is en dra hom deur die groot poort van die port.

Hulle laat hom bietjie in die wagkamer rus terwyl 'n soldaat gaan om die boodskap oor te dra aan die bevelvoerende offisier, kaptein Monclaire.

Kort daarna word hy inderhaas na die kaptein geneem en Monclaire slaan hom gade met 'n mengsel van diepe meegevoel en onrus.

Monclaire sê: „Aslaam, *mon ami*, jy moet dadelk na idie siekekamer sodat jou wonde behandel kan word en dan moet jy my alles vertel . . . alles . . .”

Aslaam tel een van sy vermaerde hande op en dan praat hy en sy stem is weinig meer as 'n hees fluistering. „Dit is nodeloos. Die tyd is te min. Mense weet wanneer hul tyd aangebreek het, net soos ek nou weet dat my tyd aangebreek het, *mon capitaine* . . .”

„Dan sal ek die mediese offisier hierheen laat kom.”

„Nee, asseblief nie. Ek wil met u alleen gesels. En

dit moet nou dadelik wees . . . baie dankie in elk geval, *capitaine*."

Monclaire hou 'n beker water voor sy gebreekte lippe, maar die meeste van die lou vog rol langs die ou Arabier se bloedbevlekte grys baard af. 'n Bietjie kry hy egter ingesluk en die water bring effens meer lewe in die vernielde ou liggaam. Sy stem word duideliker en hy probeer selfs regop sit in die stoel.

Ou Aslaam sê: „Ons is al baie jare lank vriende, nie waar nie, *capitaine*?"

„Dit is die waarheid, Aslaam . . . sedert ek die heel eerste keer na Marokko gekom het as 'n gewone luitenantjie."

„Ja, dit is so. Was ek gedurende daardie jare nie die getroue vriend van die Franse nie — het ek hulle nie steeds vertrou nie?"

Monclaire knik stadig en hy wonder wat hierdie ou man in die mou voer.

Die bejaarde Arabier se stem het weer net 'n dun fluistering geword: „Maar nou kom ek by . . ."

Sy kop val agteroor, sy oë toe en hy gly stadig van die stoel of. Monclaire steek sy arms onder sy blaaië deur, help hom weer op die stoel en gee hom weer bietjie water. Weer eens kom Aslaam effens reg.

Ietwat ergerlik sê Monclaire: „My liewe Aslaam, al hierdie dinge kan wag. Jy moet eers na die siekekamer sodat jou hande . . . jou gesig . . . jou hele liggaam eers versorg kan word."

„Asseblief . . . Die minute gaan vinnig verby en my lewe kan nie veel langer duur as net 'n paar minute nie . . . *capitaine*, ek het gekom om u 'n vraag te stel."

„Ja, Aslaam?"

„My mense in die dorp Doeaka is vreedsaam, nie waar nie? Hulle is nie moeilikheidsmakers nie, of hoe?"

„Hulle is vredeliewend, Aslaam . . . net soos jy, hul hoofman, is hulle goeie mense."

Aslaam span die laaste van sy vinnig afnemende kragte in. Hy tel sy gemartelde ou gesig op en staar vas in die oë van Monclaire.

Toe sê hy: „As dit so is, waarom het Legioenmanne ons dorp kom afbrand, *capitaine*? Waarmee is talle van ons mansmense dan doodgeskiet . . .? En dit met Lebelgewere, terwyl die stomme vroue en kinders gestaan en kyk het?"

Monclaire staan met die waterbeker in sy hand. Hy kom nie eens agter dat hy dit kletterend op die klipvloer laat val het nie. Na 'n hele paar minute antwoord hy, met 'n stem wat byna net so floutjies is as dié van die ou Arabier: „Aslaam, is jy baie seker van wat jy nou sê? Wil jy vir my sê dat dit is wat met jou mense in Doeaka gebeur het?"

„Dit is die waarheid, *capitaine* en dit het maar twee nagte gelede gebeur. Hulle het op ons neergedaal soos aasvoëls op 'n speenlam. Ek, die hoofman, is op die grond oopgespalk en terwyl my mense gestaan en kyk het, het hulle al hierdie dinge aan my gedoen, *mon capitaine*."

Hy beduie met sy vernielde hande na sy stukkende ou gesig en hy sê: „Hulle het gemeen dat ek sou sterf, maar ek móés leef — ek móés lank genoeg leef om u te kom vra waarom hierdie ding aan my onskuldige mense gedoen is."

Sonder 'n woord staar Monclaire na die beker wat hier voor sy voete lê en hy probeer orde uit die chaos van sy binneste skep.

Doeaka . . .

Dit is sowat veertig myl ten suidooste van Fort Valeau geleë en omdat daar 'n aantal artesiese putte is, is daar skraal plantegroei. Die sowat honderd inwoners boer met beeste en bokke en af en toe verruil hulle hul produkte aan verbygaande smouse.

Omdat die dorpie so naby die fort geleë is, is Monclaire verantwoordelik vir die veiligheid van die inwoners.

Sonder om eens na te dink, weet Monclaire dat nie een van sy patrollies in die afgelope maand daar was nie. Die plek word elke drie maande of so deur 'n patrollie besoek en die laaste patrollie wat daarlangs beweeg het, het drie maande gelede die plekkie besoek.

Monclaire sê eindelijk: „Aslaam, my vriend, ek is seker daar is die een of ander misverstand. Dit is nie van my manne wat jou mense uitgemoor het nie. Dit moet ander mense wees en ek sweer soos ek hier staan dat ek sal sorg dat hulle opgespoor en aan die gereg oorgelewer word, al is dit die heel laaste ding wat ek in my lewe doen. Hulle kon nie Legioenmanne gewees het nie. Hierdie is die enigste Legioen-garnisoen in baie honderde myle. Dit is tog ondenkbaar dat ek so 'n bevel kon gegee het en ek kan nie insien hoedat iemand anders dit kon gedoen het nie.”

Aslaam haal stadig en diep asem en nou is dit vir hom 'n baie groot inspanning om selfs 'n paar woorde uit te kry.

„Ek weet u sou nie so iets gedoen het nie *capitaine*, maar ek sweer voor Allah dat dit Legioensoldate is wat my dorp aangeval en dit 'n rokende, bloedige puinhoop agtergelaat het . . .”

„Aslaam . . . is jy . . . is jy baie seker daarvan?”

„Het ek dan nie oë om te sien nie? En hulle wat gespaar is, hulle het ook die soldate van die Vreemde Legioen gesien. En my mense het wraak op u gesweer, *capitaine*. Hulle het op my gespuug toe ek hulle gesê he dat u nie so iets sal doen nie. Toe ek hulle gesê het ek wil hierheen kom om u te sien, wou nie een saam met my kom nie. Hulle wou my nie eers 'n perd of kameel gee om mee te ry nie. Hulle het gesê dat dit beter sal wees as ek in die woestyn omkom as dat ek verder deur hierdie Legioenmanne gemartel word. Maar ek is nie in die woestyn dood nie, omdat ek móés uthou om met u te kom praat, *capitaine*. Ek wou kom uitvind waarom hierdie gruweldaad gepleeg is en watter offisier dit is wat hierdie aaklige bevel gegee het.”

Sy stem is nou skaars hoorbaar en sy koorsige asem raak nog vinniger, roggelend. Monclaire lui die handklokkie op sy lessenaar en toe die ordonnans binnekom, stuur hy hom om die geneesheer dadelik te gaan haal.

Monclaire kry egter nie klaar gepraat nie. Hy volg

die oë van die korporaal en hy sien hoedat Aslaam stadig uit sy stoel gly. Met een sprong is Monclaire by die ou gemartelde Arabier. Toe hy hom egter bereik, lê Aslaam reeds op die klipvloer uitgestrek.

Elke asemstoot is 'n hygende snik, soos dié van 'n atleet wat hom ooreis het.

Met 'n teerheid laat Monclaire die ou Arabier se kop in die buig van sy arm rus en hy sê saggies: „Aslaam . . . ek wil hê jy moet dit goed verstaan . . . Frankryk steek nie sy vriende in die rug nie. . . Ek weet nie wie hierdie daad gepleeg het nie, maar ek sweer dat hulle wat verantwoordelik is, opgespoor sal word en dat hulle met hul lewens sal boet . . . Ek sweer dit hier voor jou, Aslaam . . .”

Aslaam se lippe tril toe hy probeer antwoord, maar die wrede wonde en die lang trek deur die woedende woestyn het sy lewenskrag getob. Monclaire weet dat die ou vegter te veel verduur het. Op die een of ander manier slaag Aslaam egter daarin om een van sy vernielde hande op te tel en Monclaire se gesig aan te raak.

En 'n oomblik voordat sy hand in die dood slap wegval, is daar die sweem van 'n glimlag op die ou gemartelde gesig. Dit is die glimlag wat 'n goeie vriend vertrou.

Die daglig is amper gedaan toe hulle Aslaam se liggaam na die lykekamer van die fort verwyder. Monclaire staan en kyk hoedat hulle hom wegdra en hy voel nie tot enige emosie in staat nie. Hy staan net daar asof hy ook gesterf het. Hy weet dit is nie net die dood van die ou Arabierse vriend wat hom so laat voel nie, maar ook die omstandighede van sy dood, die ongelooflike, fantastiese verhaal wat hy vertel het.

Toe hy weer alleen is, gaan sit Monclaire op die kant van sy staalessenaar en hy steek 'n sigaret op. Hy wil oor hierdie saak nadink.

Hy glo onverbiddelik daaran dat die eerste stap om 'n probleem op te los, is om die volle besonderhede van daardie probleem te verstaan. Hy glo dat as 'n mens anders te werk gaan, jy 'n ramp uitnooi. Dus, nou moet

hy sy eie raad, wat hy al so dikwels aan junior offisiere gegee het, self toepas.

Eerstens, watter soort man was hierdie Aslaam? Monclaire besluit egter dat hierdie nie eens iets is wat oorweeg moet word nie. Hy is van die beste tipe Bormoen-Arabiëre. Hy is volkome betroubaar. Hy was verstandig genoeg om te begryp watter ontsaglike voordele die Franse beskerming vir hulle beteken. In ruil daarvoor het hy volstrekke trou gegee. Sy dorpie Doeaka, hoewel dit so afgeleë is, was nog steeds 'n model van Arabiese ordelikheid.

Daarom moes Aslaam eerlik geglo het dat sy dorpie deur Legioenmanne aangeval is en dat sowat twintig van die mans gedood is.

Dat die een of ander groep persone hierdie daad gepleeg het, staan soos 'n paal bo water. Die pit van die probleem is dat Aslaam hom verbeel het dat hierdie Legioenmanne is, dat hy hulle gesien het en dat hulle ook deur andere gesien is . . .

Maar dit kon nie Legioenmanne gewees het nie.

Monclaire steek die ou olielamp op wat aan die lae dak van sy kantoortjie hang en dan gaan hy na die groot muurkaart. Hy druk met sy potlood op verskeie plekke op die kaart. Hier lê Fort Valeau, sowat ses dae se mars vanaf die vooruitgeskewe basis by Dini Sadazi. En hier, driehonderd myl na die suide, lê Fort Ney. En hier, bietjie meer as tweehonderd myl na die suid-suidweste, is die Arabiese handelsdorp Opono. Daar is 'n klein garnisoen van die Legioen. Dit is die enigste troepe groepe van die Legioentroepe in hierdie ontsaglike gebied.

Uit hierdie betragting kom Monclaire tot een duidelike en eenvoudige gevolgtrekking — afgesien van sy eie troepe, is daar geen Legioensoldate naby Doeaka nie.

Hy is op die punt om sugtend na sy lessenaar om te draai, toe 'n ander plekkie sy oog vang.

Daardie plekkie is Toetana . . .

Dit is sowat honderd myl van Doeaka af geleë. Dit is een van die onderhoudskampe vir die nuwe oliepypp-

leiding wat deur duisende myle woestyn na die vlootbasis by Oran strek. Vantevore was daar gevaar dat hierdie pyleiding deur Toeareg-Arabiëre sou gesaboteer word, maar daardie moontlikheid is uitgeskakel gedurende agt-en-veertig vreeslike ure in Dini Sadazi. En kort gelede is alle soldate uit daardie gebied teruggetrek.

Het hy egter nie iets gelees omtrent 'n woestynpad wat gebou word om Toetana uiteindelik met Oran te verbind?

Monclaire ontsluit een van die staal-laaie van sy lessenaar. Hy trek 'n dik legger daar uit. Daar is baie getikte velle in — bevele wat deur die opperbevel in Algiers uitgereik is. Soos die meeste ander offisiere, lees Monclaire egter net wat vir hom van belang is in hierdie algemene bevel. Hy onthou egter dat hy 'n opskrif gesien het oor 'n pad tussen Toetana en Oran. Hy het nie veel ag daarop gegee nie omdat nuwe paaie gedurigdeur gebou word.

Nou soek hy egter die bepaalde paragraaf uit en lees dit weer deur, hierdie keer met veel meer aandag as die eerste keer.

Hy los al die wollerigheid in die mededeling uit en lees net die pit. Daar staan dat onmiddellik met die werk begin sal word by Toetana. Dan staan daar nog iets wat hom bietjie laat koud word.

Daar word meegedeel dat die werk gedoen sal word deur 'n misdadigersbataljon.

Dus, daar is per slot van rekening soldate naby Doeaka — soldate wat nie deel uitmaak van die normale garnisoene nie. Daar is niks besonders omtrent die feit dat die pad gebou word deur Legioenmanne in die misdadigersbataljon nie, manne wat om die een of ander rede gestraf word. Dit is hul werk om paaie te bou.

Maar . . . Hierdie soldate kan iets te doen hê met die aanval op Doeaka.

Daar is 'n frons op Monclaire se voorkop toe hy oor hierdie soort soldate sit en nadink. Hulle is voorwaar die uitvaagsel van die Vreemde Legioen. Hulle is ram-

pokkers wat nie deur die gewone reëls van die dissipline mak gemaak en in toom gehou kan word nie. Gewoonlik is hulle die uiterste lafaards wanneer daar geveg moet word en die grootste bullebakke wanneer daar nie geveg word nie. Hulle is manne wat 'n vriend ter wille van 'n ei en 'n bokstert met die mes in die rug sal steek, of 'n rampsalige Arabierse vrou in 'n agterstraatjie sal aanrand.

Monclaire weet dat die buitewêreld hom verbeel dat Legioenmanne op die geringste voorwendel na die misdadigersbataljon gestuur word. Niks is egter verder van die waarheid nie. Dit is met die grootste teësin dat 'n soldaat na hierdie bataljon gestuur word. Dit gebeur slegs nadat alle ander metodes gefaal het.

Geen fatsoenlike leër hou van moordenaars, lafaards en skelms in sy geledere nie — allermens die Vreemde Legioen, nee hierdie uitvaagsel word na die misdadigersbataljon oorgeplaas en hulle doen byna uitsluitend handearbeid.

Monclaire staan op en druk sy sigaret dood. Op daardie oomblik kom die ordonnans weer in en sit 'n radioboodskap op die lessenaar neer. „Nou pas van Dini Sadazi ontvang, *mon capitaine*”, sê die onderoffisier.

Monclaire onderdruk 'n gekruide woord, want hierdie boodskap laat sy hare orent staan.

Die boodskap lui:

„Van bevelvoerder, Dini Sadazi. Aan bevelvoerende offisier, Fort Valeau. Misdadigersbataljon van vierhonderd man het op die vyfde van hierdie maand by Toetana gemuit. Alle offisiere en onderoffisiere na gemeen word gedood. Muters beheer die hele omtrek en is na gemeen word gewapen. Hulle dreig om die olie-installasies te vernietig as hulle aangeval word. Hulle het dit in 'n radioboodskap aangekondig. Tref voorsorg en berig uitslag.”

Vierhonderd man!

Vierhonderd van die skuim van die Legioen op vrye voete, vry om te maak soos hulle wil!

Monclaire se mond word kurkdroog toe hy die implikasies van hierdie ongeëwenaarde toestand oorweeg.

Die manne in hierdie misdadigersbataljon is opgeleide soldate en hulle sal volkome desperaat wees. Klaarblyklik beteken moord vir hulle geen duit nie. Hulle het hul offisiere almal om die lewe gebring. Maar . . . maar wat van die burgerlikes by Toetana? Wat van die ingenieurs wat daar was?

„Nog nimmer”, dink Monclaire, „was daar so 'n vreeslike situasie as hierdie een nie.”

Dit is die waarheid. In die verlede was daar al dikwels muitery onder hierdie manne, maar gewoonlik was dit op 'n klein skaal en elke keer is die opstand sonder die minste moeite onderdruk.

Hierdie is egter heeltemaal 'n ander saak. Hierdie keer is daar vierhonderd van hierdie woestelinge — vierhonderd desperate, gewapende manne en dit in so 'n afgeleë gebied wat nie maklik deur versterkings bereik kan word nie.

Om hierdie situasie die hoof te bied, beskik Monclaire oor 'n garnisoen van honderd-twee-en-twintig manskappe en offisiere. Hy mag nie meer as die helfte van hierdie garnisoen van die fort af wegstuur nie en al het hy tien keer daardie aantal gehad, dan was dit nog 'n onbegonne taak omdat die misdadigers die opleiding sal vernietig sodra hulle 'n kolonne Legioenmanne sien aakom.

Monclaire kyk vinnig na die kalender. Dit is meer as 'n week gelede dat die muitery plaasgevind het, sodat die muters volop tyd gehad het om sake te organiseer.

Die feit dat hulle die opperbevel meegedeel het dat hulle die pyleiding sal vernietig, bewys hoe desperaat hierdie manne is en dit bewys ook dat hulle bedoel wat hulle sê — dat dit nie ydel praatjies is nie.

En meteens besef Monclaire dat die aanval op Doeaka nie meer 'n oorbluffende geheim is nie. Dit is duidelik dat die misdadigers op 'n rooftog uitgegaan het en die voorspoedige dorpie Doeaka was vir hulle net die regte plek. Die moord en die marteling was maar net vir hulle vermaaklikheid. Maar waarom sou hulle die dorpie gaan stroop het terwyl hulle by Toetana tog seker op

groot voorrade moes beslag gelê het? Nietemin is hy seker dat Doeaka deur die misdadigers aangeval is.

Dit is ook heeltemal seker dat ander Arabiese dorpe aangeval sal word. Daar sal ook moord en aanrandings wees. Die gevolg sal wees 'n nuwe vlag van Arabiese haat teen die Vreemde Legioen van Frankryk. En wie sal die Arabiere kan blameer? Hulle is nie veronderstel om onderskeid te kan maak tussen uitvaagsel en soldate nie, veral as die uitvaagsel dieselfde uniforms as die soldate dra nie.

Instinkmatig wy Monclaire sy logiese brein aan tot moontlike optrede.

Wat is die swak plek van die vyand?

Dit lê voor die hand — die geselskap wat die dorpie aangeval het. Hierdie groepie manne sal nie groot wees nie. Hulle moet gevind en aangeval word. Dit sal nie moeilik wees om volledige besonderhede uit hulle te kry oor die toestand en die planne van die res van die muiters nie. Ook sal kan uitgevind word presies wat op Toetana plaasgevind het.

Monclaire raap 'n stuk papier op en skryf 'n kort, bondige boodskap vir die bevelvoerende offisier op Dini Sadazi neer. Hy wil in hierdie stadium nie te veel onderneem nie. Hy skryf net:

„Boodskap ontvang. Verkenningstog voorberei.”

Toe die ordonnans die boodskap kom neem, sê Monclaire vir hom: „Ek wil luitenant Gina onmiddellik sien.”

Luitenant Gina lê op die naat van sy rug in 'n boek en lees wat hy gekoop het toe hy laaste in Algiers was. Gina het net een eienaardige eienskap — hy hou van hierdie klein nes wat hulle Fort Valeau noem. Die rede is dat hy tweede in bevel is, en 'n man van belang, sodat hy hier 'n belangrike man is. Op groter plekke is hy egter nie 'n belangrike persoonlikheid nie. Daarom geniet hy gewoonlik die afgeslotenheid van Fort Valeau. Verder is hy 'n normale man. Hy is nie besonder skrande nie, maar dan is hy ook geen pampoenkop nie. Hy is nie 'n held nie, maar 'n lafaard seker ook nie. Hy is nie aantreklik nie en ook nie onaansienlik nie, nie kort nie nie lank nie, nie

vet nie en ook nie skraal nie. Hy is die soort man wat mense ontmoet en dan weer onmiddellik vergeet.

Omdat hy dit besef, is dit sy geheime skande. Hy wil graag belangrik wees. Daarom word hy elke keer opnuut woedend wanneer hy besef dat hy in die teenwoordigheid van Monclaire soos 'n skoolkind is en soos 'n idioot elke keer as hy iets te doen het met die reus Zatof, die Rus.

Dit is daarom dat hy so begeester is deur hierdie boek. Dit heet: „Hoe om 'n Leier van Mense te wees”, deur professor Karlo.

Hy verslind die een bladsy na die ander. Vir Gina is daar 'n nuwe dagbreek, net toe die korporaal met Monclaire se boodskap opdaag.

Die korporaal kom staan hier op aandag en sê: „Die komplimente van die kaptein, Luitenant. Hy wil u dadelik spreek, *mon officier*.”

Gina sug swaar. Dit is darem nie verplie nie. Al om die ander dag kry hy twaalf soliede ure vry en hy het nog twee kosbare ure van hierdie bepaalde rustydperk oor.

„Goed”, sê hy net futloos, staan op en gaan sit sy pet op en gespe sy rewolwergordel vas.

Toe hy omdraai, besef hy dat die korporaal nog steeds daar staan. Dan besef Gina waarom die korporaal nog nie gesalueer en padgegee het nie. Hy staan en staar na die titel van daardie boek. Gina voel of hy die ellendige korporaal se nek kan breek. Mère-oormère lê die hele fort weer daarvan vol dat luitenant Gina 'n boek lees oor hoe om 'n leier van mense te word. Hy dink vinnig.

„Ek . . . ek het daardie boek hier in die gang opgetel”, sê Gina. „Behoort dit miskien aan een van die onder-offisiere?”

„Nie sover ek weet nie, Luitenant”, sê die korporaal en dit is duidelik dat hy sy lag nie kan hou nie.

„Ek het gedag dalk bestudeer een van hulle dit met die oog op bevordering”.

„Nee, *mon officier*.”

„Ek het so bietjie daar deurgeblaai. Nogal interessant.”

„Ja, mon officier.”

Gina besef dat hy nat van die sweet is en dat hy vreeslik bloos. Intussen staan die korporaal daar op aandag met die skaapagtige uitdrukking op sy gesig, half van snaaks-kry en half uit eerbied.

„Nou goed”, sê Gina hulpeloos, „jy kan maar gaan”.

Die korporaal salueer baie korrek, maar die lag roer aan die hoeke van sy mond en voordat hy uitstaap, loer hy weer na die vreeslike helder titel van die boek.

Toe die korporaal uit is, trek Gina 'n sakdoek uit sy sak en vee sy gesig af. Hy voel dat die trane naby is — trane van vernedering.

En wat sal nie gebeur as sersant Zatof hiervan hoor nie?

Gina gril by hierdie vooruitsig. Die groot Rus met die rooi baard is heeltemal meedoënloos. Hy het dit ook al dikwels laat verstaan dat hy nou nie juis besonder baie eerbied vir luitenant Gina het nie.

Daar is net een man wat Zatof vrees en dit is Monclaire. Hy het die selfversekerdheid van lang ondervinding wat hy in die Russiese leër opgedoen het — en daarby het hy 'n vreeslike humeur.

Gina beken teenoor homself dat hy Zatof vrees. As Zatof hom eers met daardie vlammende oë aanstaar, voel dit of hy wegsmelt. En hierdie boek het hy juis gekoop om die bordjies teen Zatof te verhang.

Gina loop doodongelukkig na Monclaire se kantoor toe.

Monclaire hou in die helfte van sy verhaal eers op. „Luister jy, Gina?” vra hy.

„E . . . alteseker, *mon capitaine* . . . ek is die ene ore.”

„Ek vra maar net, want dit het nie gelyk of jy besonder baie belang stel nie. Soos ek gesê het, ek sal self 'n afdeling van vyftig man lei om hierdie muiters te gaan opspoor. Dit behoort nie langer as twee-drie dae te duur nie en ek hoop om gevangenes terug te bring. Intussen sal jy natuurlik bevel voer oor die res van die garnisoen hier. Sersant Zatof sal jou bystaan . . .”

Sersant Zatof kom die slaapsaal van die soldate stampend binne en hy hou die lang papier in sy hand

op so 'n manier vas dat dit lyk of hy bietjie vies is om daarna te kyk. Hy gaan staan in die middel van die groot vertrek en gluur dan die slapende manne, die olielamp, en die paar kêrels wat nog sit en kaartspeel, nors aan.

Hy maak daardie mond meteens oop en sy stem kom donderend deur die stilte:

„A-a-a-a-n-d-a-g!”

Die kaartspelers slinger die kaarte neer en spring op aandag en dié wat al aan die slaap geraak het, bevind dat hulle wreed na die werklikheid teruggeruk word. Onbewustelik steier hulle orent.

Zatof staar deur die halfdonker na elkeen individueel asof hy die diepste geheime van hul harte probeer deurpriem.

Zatof wie se humeur maar gedurig net wil uitbars, is op hierdie oomblik juis in 'n vreeslike bui. Die manne staar ansvallig na die reus met die rooi baard.

Hy kyk vies na die papier in sy hand en dan dreun sy stem deur die lang vertrek: „Die volgende manskappe sal môreoggend om sesuur in ligte vegmondering aantree . . . Die doel is om 'n spul muiters van die misdadigersbataljon gevange te gaan neem.”

Dan lees hy vyftig name voor.

„Enige vrae?” verneem die Rus dan.

Die nuus oor die muitery is al dwarsdeur die fort bekend en daarom verwag Zatof nie juis vrae nie. Met sy hele houding beduie hy ook dat vrae nou nie juis besonder welkom sal wees nie.

'n Ligte krulkop-kêrel wat hier by die kaarttafel sit, praat egter. Hy praat in die snaakse Frans van die gemiddelde, goed opgevoede Engelsman. Hy vra:

„Wie gaan hierdie verrigting lei, *mon sergeant*?”

Zatof staar af na die blonde Engelsman, Pete Haver. Haver staar byna onverskillig terug. Dit lyk of hy vir hierdie reus nie 'n greintjie vrees koester nie. En hoewel hy dit nimmer sal erken nie, hou Zatof van hierdie man. Zatof is beïndruk deur die feit dat Pete Haver een van die weinig manne is wat hy nog nie onder die knie kon kry nie. Hy bewonder stilletjies Haver se siniese

kalmte. Hy waardeer dit ook dat hulle twee een ding in gemeen het — hulle was beide eens offisiere, hy in die Russiese leër en Haver in 'n beroemde plattelandse Engelse regiment. 'n Vonnis van strafbare manslag het Haver se loopbaan beëindig . . . terwyl 'n moord Zatof se vroeëre loopbaan beëindig het.

Zatof sê taamlik sag: „Kaptein Monclaire gaan self.”

„En gaan u saam, *mon sergeant*?”

Zatof raak daardie kolossale bors met sy hand aan, spreek 'n paar gekruide Russiese woorde uit en dan bulder hy: „Daar is besluit dat ek hier in die fort moet bly as kindermeid vir 'n kind wat oor alles die stuipe wil kry.”

Dit is ongehoord van Zatof om so 'n klaarblyklike minagtende aanmerking oor luitenant Gina te maak, maar die Rus het weinig respek vir die fatsoenlikhede van die lewe.

„Ek sê dit is 'n belediging . . . 'n belediging vir my en my rang. Is ek dan nie 'n goeie soldaat nie?”

In hierdie stadium is daar mompelende instemming van die kant van 'n aantal weekhartige kêrels.

Hy staan nog verder en uitvaar, blaas hom op tot 'n rooi woede. „Waarom moet ek hier die wag sit en hou oor 'n kind? Waarom, vra ek?”

Pete Haver se kalm stem breek in. „Maar *mon sergeant*, as die kaptein self saamgaan, is dit nie nodig dat u ook saamgaan nie.”

„En waarom nie, as ek mag vra?”

„Seker omdat u . . . omdat u die kind hier moet help . . . Die fort kan mos nie sommer so gelaat word nie?”

Zatof streel sy rooi baard met die hand en dit lyk amper of hy met 'n diepe liefde na Pete Haver staan. „Dit”, sê Zatof, „dit is die goddelike waarheid.” Dan dink hy weer bietjie. „Ek wens egter ek was in jou skoene, manskap Haver, want jy is onder die vyftig wat daardie rampokkers aan die ore moet gaan vang . . . Nou goed, op rus!”

Die manne kom op rus en Zatof draai om na die groot stuk kurk teen die muur waarop kennisgewings ge-

woonlik vasgesteek word. Hy steek die lys name daarop vas.

Zatof draai om en daardie yslike mond gaan weer tussen die baard oop. Dit is duidelik dat sersant Zatof nog iets op die hart het.

Maar Zatof kom nie sover om te praat nie.

Voordat hy 'n geluid kan maak, word die aandstilte deurklief deur 'n verskriklike gil — 'n uitgerekte, huilende gil.

Dit is hard en dit kom van buite die mure van die vesting. Daardie skreeu bevat al die sataniese vrees van die donkerste spelonke.

En daardie skreeu is die skreeu van 'n vrou . . .